

Voorwoord

Lesers vir wie die Bybel 'n vertroude geskrif is asook aanhangers van stories – of dit nou gaan om die vertel, skryf of lees daarvan – sou dalk by 'n eerste kennismaking met hierdie boek wou vra: Watter verband is daar tussen die Bybel en 'n verhaal? En vanwaar die geïmpliseerde aanname dat 'n verhaalmatige ondersoek na die Bybel wetenskaplik verantwoord sou kon word?

In die helder uiteensetting van die manier waarop die gegewens georganiseer word, die karakters uitgebeeld word en die stemme mekaar verwissel in die opgetekende verhaal van Jona se eg menslike reaksie op 'n oënskynlike sinnelose – en daarom vir hom as 'denkende' profeet ook bevraagtekenbare – Goddelike opdrag, verskaf Henk Potgieter 'n deurlopende antwoord op dergelike vrae. Weens die nadruk op die funksie van verhalende en poëtiese strukturering in 'n Bybelteks noodsaak sy ondersoek 'n interdisiplinêre aanpak waarin eksegetiese literêr-teoreties begrend word. Hiermee sluit hy aan by resente tendense in die Bybelwetenskappe – in die laaste jare het eksegetiese dissiplines geëmansipeer vanaf 'n kennisname van linguïstiese ondersoeke gerig op sintaktiese strukture en die afbakening van perikope, tot 'n bewus wees van die noodsaaklikheid van 'n literêr-teoretiese fundering van leespraktyke in die dekodering van tekste. So 'n ontwikkeling is verstaanbaar, want – vreemd soos dit moontlik mag klink – kan vertrouetheid met die manier waarop stories en die poësie kommunikeer, selfs 'n teologies geskoolde Bybelleser lei tot nuwe insigte in die aard en inhoud van die Bybelse boodskap.

Henk Potgieter se boeiende ontsluiting van die boek Jona lewer hiervan oorvloedige bewys. Dít veral omdat daar – ten spyte van die geweldige omvang van navorsing oor die Bybel – baie min studies is waarin die semantiese en semiotiese konsekwensies van 'n ingeligte lees van Bybeltekste indringend ontleed word.

Waar die bestaande navorsing oor die boek Jona dikwels gekenmerk word deur sowel uiteenlopende uitsprake oor die *aard* as onversoenbare menings oor die *boodskap* van die teks, word in hierdie studie uitgegaan van die standpunt dat die boek Jona sodanig gestruktureer is dat dit as 't ware vra om *as verhaal* getipeer en gelees te word. Sensitiwiteit vir die manier waarop die gegewens gestruktureer is, maak dit vir die skrywer in die eerste plek moontlik om probleme rondom die samestelling van die boek – soos die verklaring van die gebede as pouses binne die verhaal – te beantwoord. In die tweede plek lei 'n stapsgewyse analise van die narratiewe struktuur egter ook tot 'n al herderder insig in die boodskap van die boek. So byvoorbeeld kom die skrywer tot die verrassende ontdekking dat dit die matrose – en nie die profeet van God nie – is wat van meet af die essensie van absolute gehoorsaamheid begryp as die verteller juis aan hulle die geleentheid gee om as sekondêre woordvoerders in die verhaal te getuig: 'U is Jahwe, U doen soos U goed dink.' Met

dergelike insigte dwarsdeur die studie illustreer Henk Potgieter oortuigend dat die narratiewe en poëtiese konvensies nie bloot stilisties dekoratief is nie, maar inderdaad kommunikatief funksioneer in die oordrag van betekenis aan die leser.

Hierdie boek lewer 'n waardevolle bydrae deurdat die teoretiese verantwoording en praktiese illustrasie van 'n leesstrategie nuwe perspektiewe open vir 'n beter begrip van die boek Jona. Die implikasies van Henk Potgieter se bevindinge strek egter wyer omdat dit lig werp op die manier waarop verhale en poëtiese gedeeltes dwarsdeur die Bybel ingespan word om andersins moeilik verstaanbare religieuse beginsels en argumente vir alle lesers toegankliker te maak.

Ina Gräbe
Departement Algemene Literatuurwetenskap
Universiteit van Suid-Afrika

November 1991